

Sagaria – Berei julle voor op die koms van die Messias-Koning

Inleiding

Die profeet Sagaria was 'n tydgenoot van Haggai. Hy spreek dieselfde twee leiers aan – Jesua die hoëpriester en Serubbabel die goewerneur – as wat Haggai gedoen het. Sagaria was benewens 'n profeet ook 'n priester, as kleinseun van Iddo, die hoof van een van die priesterlike families wat uit die ballingskap in 539 v.C. teruggekeer het (Neh. 12:4).

In hierdie elfde boek in die ry van die Twaalf Kleiner Profete fokus Sagaria die gedagtes van die volk op die herstel wat God sal bring, onder andere met die herbou van die tempel en die herstel van die leierskap (hfst. 1-8), maar versit ook die horison van hulle verwagting verder na die Lydende Messiaanse koningsfiguur wat sal kom om volkome verlossing te bring (hfst. 9-14). Sagaria se visie is dat God dán erken sal word as die ware koning, nie net in Jerusalem deur sy eie volk nie, maar ook deur die nasies, 'n boodskap wat in die NT weerklank vind.

Hoofstuk 1-8

Die eerste deel van Sagaria se boek, hoofstuk 1-8, kan gedateer word tussen 520-518 v.C – die tweede en vierde regeringsjaar van die Persiese koning Darius onderskeidelik (vgl. 1:1,7; 7:1), nét na Haggai begin optree het. Sagaria roep die volk op tot gehoorsaamheid in die geloofsgemeenskap met die herbou van die tempel (soos Haggai) en 'n heilige lewe. Hy spreek ook baie spesifiek die leierskap aan, en eis van die hoëpriester en goewerneur gehoorsaamheid in die voorbeeld wat hulle aan die volk moet stel. Die geloofsgemeenskap se gehoorsaamheid aan God sal die nasies inspireer om God se teenwoordigheid by hulle op te soek.

In die proses sien Sagaria agt visioene wat deur 'n engel vir hom geïnterpreteer word. Volgens Douglas Stuart ("Zechariah" in *How to Read the Bible Book by Book*) kan 'n mens dié agt visioene as volg interpreteer waarin visioen 4 en 5 as die kernboodskap aan die leierskap rondom die herbou van die tempel en die stad (die leiers Jesua en Serubbabel) uitstaan.

Die kernboodskap pas as volg in binne die konsentriese patroon van die res van die agt visioene.

- Visioen 1 en 8 fokus op **God se wêreldheerskappy**.
- Visioen 2 en 3 fokus op die **gevaare van buite**.
- Visioen 6 en 7 fokus op die **gevaare van binne**.
- Visioen 4 en 5 fokus op die **herstel van die tempel en die stad**.

'n Mens kan die visioene dus as volg verstaan:

- 1 – **ruiters op perde** wat die hele wêreld deurkruis teen die agtergrond van die tempel en die stad wat herbou word – Sag. 1:7-17,
 - 2 – **vier horings** wat verstrooi het en **vier ambagsmanne** wat kom herstel (geware van die nasies van buite af) – Sag. 1:18-20,
 - 3 – **man met 'n maatlyn** wat Jerusalem gereed maak vir herstel (geware van die nasies van buite af) – Sag. 2:1-13,
 - 4 – **Jesua** die hoëpriester wat verantwoordelikheid neem vir die heiligdom en God wat versoening bring – Sag. 3:1-10,
 - 5 – lampstaander en twee olyfbome as 'n boodskap aan **Serubbabel**, dat hy deur die Gees van die Here sal slaag om die tempel te herbou – Sag. 4:1-14,
 - 6 – 'n **groot vlieënde boekrol**, wat vervloeking bring vir dié wat die wet verbreek (diefstal en valsheid – gevare van binne af) – Sag. 5:1-4,
 - 7 – 'n **graanmandjie** met die vrou daarbinne wat die inherente goddeloosheid in mense voorstel wat deur 2 ander vroue uitgesorteer word (geware van binne af) – Sag. 5:5-11, en
- 8 – **vier strydwaens met perde** wat weereens die hele wêreld deurkruis en die bevel om Jesua te gaan kroon voorafgaan – Sag. 6:1-8.

Sagaria gebruik dus dié visioene om die Here se **direkte en indirekte betrokkenheid** by alles wat gebeur, te verkondig. Hy fokus op die rol van **leierskap** in die herbou van die tempel en die geloofsgemeenskap (visioen 4 en 5, die rol van Jesua en Serubbabel) binne die groter prentjie van God se koningskap oor die hele aarde wat die **geware van buite** (nasies in visioen 2 en 3) en die **geware van binne** (wetteloosheid en goddeloosheid in visioen 6 en 7) uitsorteer.

Die geloofsgemeenskap se gehoorsaamheid aan God sal die nasies inspireer om God se teenwoordigheid by hulle op te soek, soos in die laaste deel van hierdie deel met visioene uitgespel word (hfst. 7-8).

Hoofstuk 9-14

Die tweede deel, **hoofstuk 9-14**, is nie gedateer nie, en volg waarskynlik 'n geruime tyd daarna, moontlik in 'n tyd toe die voortdurende ongehoorsaamheid in die geloofsgemeenskap en die gebrekkige voorbeeld van die priesterlike en politieke leiers, die profeet oortuig het dat die verwagte volkome verlossing eers verder in die toekoms tot vervulling sal kan kom.

Hierdie deel bevat twee hoofdele, telkens ingelei met die woorde: “'n *Profesie*” (9:1; 12:1).

- Die eerste – **hoofstuk 9-11** – het te make met God se oordeel oor die nasies, die terugkeer van die volk uit hulle verstrooiing, God se keuse vir ‘n Messiaanse koningsfiguur wat egter verwerp word, en welwillendheid en samehorigheid (uitgebeeld met twee kieries) wat in die gedrang kom in die wêreld.
- Die tweede – **hoofstuk 12-14** – raak ook al dié temas aan, maar sien dit nog meer eskatologies, as iets wat aan die einde van alles – op “*daardie dag*” (12:3,4,6,8,9,11; 13:1,2,4; 14:1,4,6,7,9,13,20,21) – in vervulling sal gaan.

Die hoop lê dus vir Sagaria toenemend op hierdie toekomstige koninklike figuur uit die geslag van Dawid, wanneer Jerusalem uiteindelik die plek sal word waar die volk aan God gehoorsaam sal wees, en nasies daarheen sal stroom om die Here saam met die volk te aanbid.

Uit die NT weet ons dat die belofte van dié koninklike figuur in die Messias, Jesus die Christus, vervul is, soos Matteus 21:5 en Johannes 12:15 dit vir ons aantoon. Die profesie van Sagaria 9:9 is dus in Hom vervul: “*Kyk, jou koning kom na jou toe: hy is regverdig en die oorwinnaar; hy is nederig en ry op ‘n donkie, op die hingsvul van ‘n donkiemerrie.*” Die feit dat Hy ‘n Lydende Messias sou wees, word egter ook op verskuilde manier in die profesieë aangeraak.

Indeling

Ons gaan dus, in die lig van voorafgaande verduideliking, die hoofstukke as volg lees:

- **1:1-2:13** – Sagaria se visie op God wat herstel na buite bring
- **3:1-4:14** – Sagaria se visie op die leiers wat God se plan uitvoer
- **5:1-6:15** – Sagaria se visie op God wat herstel na binne bring
- **7:1-8:23** – Gehoorsaamheid aan God in die geloofsgemeenskap trek die nasies na Hom toe
- **9:1-11:17** – Die Messiaanse Koning verenig God se mense met Hom
- **12:1-14:21** – Die Messiaanse Koning vestig God se finale koninkryk

Die inleiding is bedoel vir die eerste dag, daarna lees ons die 14 hoofstukke in 6 dae deur voor ons met die laaste profeet Maleagi afsluit.

Sagaria 1:1-2:13 – Sagaria se visie op God wat herstel na buite bring

Die eerste deel van Sagaria, die priester-profeet, se boodskap, hoofstuk 1-8, word gedateer tussen 520-518 v.C. Dit neem ‘n aanvang so twee maande ná Haggai met sy boodskap rondom die herstel van die tempel begin het, êrens in Oktober 520 v.C. Soos Haggai roep

Sagaria die volk op tot gehoorsaamheid in die geloofsgemeenskap met die herbou van die tempel, maar nog meer spesifiek tot 'n heilige en gehoorsame lewe.

Hy spel spesifiek in die eerste perikoop, Sag. 1:1-6 uit: *“Moenie soos julle voorvaders wees nie.”* Hulle was aan God ongehoorsaam en het die straf gekry soos die verbond uitgespel het. Die les wat die geskiedenis die volk nou moes leer, is die volgende: *“Die Here die Almagtige het met ons gedoen wat Hy Hom voorgeneem het om te doen, presies volgens ons lewe en ons dade.”*

Die ongehoorsame voorvaders het dus in ballingskap gegaan soos die profete voorspel het. Die uitsprake van die profete het die voorvaders ingehaal. *“Bekeer julle tot My, sê die Here die Almagtige, dan sal Ek weer julle wees.”*

Hierna volg Sagaria se agt visioene wat deur 'n engel vir hom geïnterpreteer word. Dit is moontlik dat dit by een geleentheid in opeenvolgende gesigte na hom gekom het, omdat net die eerste visioen gedateer word. Die visioene word gedateer in 1:7 op die 24ste dag van die 11de maand van die Joodse kalender, ongeveer twee maande ná Haggai sy laaste boodskap gelewer het. Indien my verstaan van die Joodse kalender reg is, is dit die nag van die 15de Februarie 519 v.C.

Onthou die konsentriese patroon van die agt visioene wat in die volgende 6 hoofstukke vertel gaan word:

- Visioen 1 en 8 fokus op **God se wêreldheerskappy**.
- Visioen 2 en 3 fokus op die **gevaare van buite**.
- Visioen 6 en 7 fokus op die **gevaare van binne**.
- Visioen 4 en 5 fokus op die **herstel van die tempel en die stad**.

Ons lees die eerste drie visioene vandag.

1:7-17 – Visioen 1: ruiters op perde wat die wêreld deurkruis as teken van God se heerskappy

Die eerste visioen behels ruiters op drie kleure perde – bruin (rooi), vos (gespikkeld), en wit – waarvan die eerste ruiter as die leier aangedui word. Hulle was tussen die mirtestruike in 'n diep kloof. Dit beteken dat hulle self rustig was, soos die engel dan ook aan Sagaria verduidelik dat dié perde die hele wêreld deurkruis het en aan die Here gerapporteer het dat ook die wêreld rustig en stil is.

Teen die agtergrond van die tempel en die stad wat herbou word om vir God se terugkeer na die stad gereed te maak, is dit dus 'n belangrike boodskap vir die volk. Die Here se heerskappy oor die hele aarde is nie in gedrang nie. Hulle kan voortgaan om die werk te doen wat Hy deur Haggai aan hulle beveel het. Dit is 'n belangrike boodskap aangesien die

fondament van die tempel twee maande terug voltooi is en die rêrige bouwerk stewig aan die gang was.

God gee Homself dus volledig vir die werk in Jerusalem en sal dit ook in die res van Juda doen. Let op hoe God se hart vir hulle geteken word: *“Ek is hartstogtelik begaan oor Jerusalem, oor Sion.”* Die Here gaan hulle dus voortaan beskerm teen die nasies. Trouens, sy toorn gaan oor hulle losbreek, omdat hulle verder gegaan het as wat die Here bedoel het met die ballingskap: *“My toorn teen Jerusalem was nie so groot nie: dit is die heidennasies wat dit so ‘n groot ramp laat word het.”*

Die Here gee daarom ‘n prentjie van oorfloed en seën: *“My stede sal weer oorstrom word deur voorspoed.”* In sy genade sal Hy hulle en hulle land volledig herstel.

1:18-20 – Visioen 2: vier horings wat verstrooi het en vier ambagsmanne wat alles weer herstel

Die tweede visioen behels twee prentjies. Die eerste prentjie is van die vier horings wat verstrooi wat op die ballingskap dui. Die tweede prentjie is van die vier ambagsmanne wat die verstrooiing tot ‘n einde bring en die volk nou help om die gevaar van die nasies te kan trotseer, hulle: *“die skrik op die lyf te ja en hulel tot ‘n val te bring.”* Die Here belowe hiermee dat hulle teen die gevare van buite af beskerm sal word.

2:1-13 – Visioen 3: man met ‘n maatlyn wat Jerusalem gereed maak om die gevare van die nasies te trotseer

Die derde visioen is ‘n uitgebreide gesig van ‘n man met ‘n maatlyn wat Jerusalem gereed maak vir herstel om sodoende die gevare van die nasies van buite af te kan hanteer. Die proses slaag egter nie, omdat: *“Jerusalem gaan ‘n stad sonder mure word, so baie mense en diere gaan daar in hom wees.”* Die Here self: *“sal ‘n muur van vuur rondom die stad wees.”* Sy magtige teenwoordigheid sal van binne-af hulle beskerm.

Dié boodskap is egter nie net bedoel vir die mense van die stad nie. Dit is bedoel vir almal van die volk wat na die vier windstreke van die aarde verstrooi is. Die Here se liefde word op ‘n besondere wyse uitgedruk: *“Wie aan julle vat, vat aan my oogappel.”* Hy belowe dat die situasie van onderdrukking omgekeer sal word.

Die visioen hou egter nie net in dat dinge reggestel sal word vir Juda en Jerusalem nie. Dit sluit in dat die situasie vir die nasies ook sal verander: *“Daardie dag sal baie nasies hulle aan die Here verbind: hulle sal my volk wees, en Ek sal in jou woon, Sion.”*

Voor dié God kan ‘n mens maar buig en Hom aanbid: *“Wees stil voor die Here, al wat leef.”*

Boodskap

Sagaria gebruik dié drie visioene om die Here se direkte en indirekte betrokkenheid by alles wat gebeur, te verkondig. Dit is bedoel om hulle te motiveer en van God se

teenwoordigheid in alles te verseker. Sagaria fokus daarom aanvanklik op die groter prentjie van God se koningskap oor die hele aarde wat die boodskap dra dat die Here die gevare van buite, van die nasies af, hanteer en namens die volk uitsorteer. Daarna fokus Sagaria op dié dinge wat die Here ook binne Jerusalem sal doen wat ook 'n inspirerende uitwerking daarbuite sal hê onder die nasies. Hulle invloed sal nie gemeet kan word nie!

Hierdie drie bemoedigende visioene verseker dus dat die volk nie net sal fokus daarop om die tempel te herbou nie, maar sal kan fokus op die geloofslewe van die geloofsgemeenskap in gehoorsaamheid aan God. Hulle is soos 'n "*stad sonder mure*" wat 'n baken van God se teenwoordigheid as teken aan die hele wêreld sal wees. Dié visie kan hulle aangryp en met oorgawe uitleef.

Sagaria 3:1-4:14 – Sagaria se visie op die leiers wat God se plan uitvoer

Onthou wat op die spel is in die stad Jerusalem. Haggai het 'n nuwe motivering gebring met sy vier profesieë 'n skrale ses maande voor hierdie gesigte van Sagaria. Haggai het ook spesifiek met die leiers gepraat en hulle geïnspireer om voor te vat en leiding te neem om die tempel te herbou. Maar net die fundamente is al gelê, en dit sou nog 4 jaar neem om die projek af te handel. Die werk was nog baie en die pad na die einde nog lank en swaar.

Daarom gee die Here vir Sagaria hierdie twee volgende visioene, die een gemik op die geestelike leier in die tempel, Jesua die hoëpriester, en die ander gemik op die politieke leier, Serubbabel die goewerneur. Niks minder as God se teenwoordigheid in die tempel en in die aanbidding van Juda is op die spel. Sy teenwoordigheid in die gemeenskap en in die wyse waarop die volk teenoor mekaar en teenoor die ander nasies optree, hang tot 'n groot mate af van dié twee leiers. Jesua en Serubbabel is dus van kardinale belang in die herbou van die geloofsgemeenskap sowel as die breër gemeenskap van Jerusalem en Juda.

3:1-10 – 'n Gereinigde Jesua kry die verantwoordelikheid vir God se heiligdom

Die eerste gesig aan die leiers – die vierde gesig dié nag – is bedoel vir Jesua. Soos Aäron eenmaal met die inwyding van die tabernakel in die woestyn gereinig is (Eks. 29), só doen die Here dit hier ook met Jesua. Maar, soos die geval was ook met vorige priesters, is die reiniging nie net iets wat persoonlik is nie. Jesua word gereinig as teken daarvan dat die volk deur God vergewe en gereinig word.

Dié vergifnis is 'n baie belangrike deel van die herstel van die teenwoordigheid van God in die midde van die volk, want hulle is immers weens hulle sonde uit die land gesit met die ballingskap. Die Satan se aanklag moet dus deur die reinigende handeling van God getroef word. Daarom word Jesua skoon klere aangetrek. Sagaria is só opgeneem in die visioen dat hy ook voorstel dat Jesua 'n nuwe tulband op die kop kry.

Dié visioen lei dan tot 'n profesie wat messiaanse trekke kry. Aan die een kant belowe die Here dat Jesua nou sy teenwoordigheid in die tempel kan fasiliteer vir die volk. Hy sal nie

net die nodige gesag hê om sy verantwoordelikheid na te kom nie. Hy sal ook vrye toegang hê tot God om vir die volk in te tree. Voorwaar 'n besondere belofte.

Aan die ander kant sien Sagaria ook verder. Hy gebruik twee metafore:

- God gaan sy dienaar “Loot” (takkie) stuur wat as Messiaanse Koning sal optree (vgl. Jes. 11; Jer. 23).
- God gaan ook 'n “klip” (vgl. Ps. 118:22: “Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword.” wat deur Paulus met Christus en die kerk verbind word in Ef. 2:19-22) met sewe oë (prentjie van God se alwetendheid en universele heerskappy soos ook in Sag. 4:10) en 'n graveersel waarop die boodskap aangebring word dat God die sonde van hierdie land “op een dag gaan wegneem”.

Daardie dag sal die vredesryk van God 'n aanvang neem met die mense wat: “weer rustig oor en weer na mekaar roep onder die wingerdstokke en die vyeboom.”

Die boodskap hiervan moes Jesua inspireer om sy posisie in te neem as God se gesagsdraer en intersessor in die geestelike bediening in die geloofsgemeenskap. Let op dat dít ook 'n getuienis vir die toekoms is: “van iets wat kom”. Nuwe Testamenties dui dit op die verlossingswerk van die Here Jesus Christus wat as “Loot” en “klip” die verlossing vir die hele geloofsgemeenskap gebring het. In Sagaria 8 sal die betekenis van dié boodskap verder uitgespel word.

4:1-15 – 'n Begeesterde Serubbabel kry die belofte dat hy die tempel sal kan klaarmaak

Die tweede gesig aan die leiers – die vyfde gesig dié nag – is bedoel vir Serubbabel. Dit lyk asof Sagaria 'n bietjie geslaap het voor die engel hom weer wakker gemaak het om verder te sien-hoor wat die Here vir hom wou wys-sê. Hy was egter onseker of dit nie miskien ook deel van die visioen was nie.

Hy sien 'n goue kandelaar (menora) met sewe arms – die klassieke prentjie van die geloofsgemeenskap (vgl. Openbaring 1-3) – en twee olyfboom – simbole van die twee leiers, godsdienstig en polities – regs en links.

Die boodskap van die visioen – veral die kandelaar deel – word in die eerste rondte deur die engel as volg uitgespel:

- Eerstens sal Serubbabel nie met mag en krag slaag nie, maar deur God se Gees (vers 6). Soos die olie in die bak die lampfitte voed om lig te gee, só doen die Gees dit in sy mense.
- Tweedens verseker die Here vir Serubbabel dat hy die werk sal klaar maak. Die werk wat, metafores, soos 'n berg voor hulle staan, sal “voor Serubbabel 'n gelykte word”.

Trouens: *“As Serubbabel die laaste klip van die tempel op sy plek sit, sal die mense roep: ‘Mooi, mooi!’”* Soos dit inderdaad vier jaar later gebeur het in 516 v.C.

- Derdens sal die herboude tempel ‘n teken wees dat God se woord deur Sagaria eg was. Die volk sal dan weet dat hulle die: *“dag van klein dingetjies”*, nie gering moet ag nie. Die blydschap sal toeneem soos die bouwerk vorder. Dat daar nou net fundamente lê, moet hulle op geen manier ontmoedig nie.

Salaria gee ook tussen-in ‘n verklaring vir die vorige visioen van die sewe oë, waarskynlik om seker te maak mense verstaan dit reg. Dit dui op God se alomteenwoordigheid.

Die boodskap van die visioen – die twee olyfbome – word in die tweede rondte verder deur die engele verklaar. Daar kom ook ‘n bietjie meer detail van die visioen by met die beskrywing van twee bondels olyftakkies langs twee goue pype waaruit die goudkleurige olie stroom wat waarskynlik die oliebak voed.

Dié twee olyfbome dui op die twee gesalfdes wat: *“in diens staan van Hom aan wie die hele aarde behoort.”* ‘n Mens dink onmiddellik aan die twee gesalfdes wat ook in Openbaring 11 vermeld word, maar in die konteks dui dit hier eerstens op die twee leiers, Jesua en Serubbabel – letterlik *“seuns van olie”*, d.w.s. gesalfdes soos dit telkens met die bevestiging van die hoëpriester en die koning uitgevoer is. Jesua kom uit die priesterlike lyn en Serubbabel uit die koninklike lyn van Dawid. Hulle is die twee gesalfdes van die Here, die twee olyfbome, wat op politiese en godsdienstige vlak leiding (moet) neem. Saam verteenwoordig hulle die volk by God en God weer by die volk.

Sommige verklaarders interpreteer hulle daarom egter ook as simbole van die priesterlike getuienis (Jesua) en die koninklike getuienis (Serubbabel) van die kerk, soos dit inderdaad ook van die kerk in Openbaring gesê word (1:6; 5:10; 20:6). Ander verklaarders (bv. Du Rand) verbind die twee getuies van Openbaring 11 egter met die getuienis van Moses (wet) en dié van Elia (profete) omdat hulle die twee figure uit die OT bedeling was wat as getuies van Jesus se status as God se Seun op die Berg van Verheerliking opgetree het (Mark. 9:2-8; Matt. 17:1-8; Luk. 9:28-36). Daar het hulle die OT getuienis van die wet en die profete verteenwoordig. Lees meer in my bydrae oor [Openbaring 11 – God beskerm sy mense en vestig sy heerskappy deur hulle getuienis](#).

Watter interpretasie ook al ‘n mens se voorkeur is, dit is duidelik dat met hierdie visioen die hand van die Here op Jesua en Serubbabel beklemtoon word, sowel as sy verkiesing van hulle om in sy diens te staan.

Boodskap

Salaria 3 het vir my persoonlik besondere betekenis. Vers 7 was een van my roepingstekste wat my oortuig het tot ‘n bediening in die NG Kerk. Die twee opdragte daarin –

verantwoordelikheid neem vir die geloofsgemeenskap en om getrou te bly in gebed – bly steed vir my hoekstene van my eie bediening.

Wat ek egter vandag beter verstaan daarvan is die konteks waarbinne dit vir Jesua gemotiveer het om sy verantwoordelikheid na te kom – beide in gesag dra en gebed – om vir die geestelike herlewering van die volk te beplan en te bid. Wat my egter vandag nog dieper tref, is hoe die visioen en die beloftes wat daaraan gekoppel is die bediening van Jesus voorafgaan en beskryf. Hy is werklik die diepste vervulling hiervan.

Sagaria 4 gee ons 'n diep kykie in God se krag wat deur sy Gees in ons lewe aan die werk is. Dit is gemik op groot dinge – die herbou van die tempel wat soos 'n berg voor hulle gelê het – maar word bewerk deur die klein dingetjies wat in gehoorsaamheid gedoen word. Sagaria leer ons dat deur te fokus op die stukkie vir stukkie vordering met die werk wat elke dag gedoen word, word alle berge uiteindelik gelyktes. Ook in jou lewe.

Sagaria 5:1-6:15 – Sagaria se visie op God wat herstel na binne bring

Hierdie twee hoofstukke bevat die laaste drie gesigte van Sagaria oor die herstel wat God in die geloofsgemeenskap sal bring sowel as 'n opdrag aan Sagaria om die twee leiers te bemoedig wat die proses sal begelei (6:9-15).

- Die vlieënde boekrol stel God se optrede teen wetteloosheid, onreg en oneerlikheid, voor (5:1-4).
- Die graanmandjie se verbanning na Babel stel God se optrede teen goddeloosheid voor (5:5-11).
- Die strydwaens stel God se beheer oor die wêreld voor as bemoediging vir die volk om met die herstelwerk aan die tempel voort te gaan (6:1-8). Hy sal vrede oral en vir almal bring.

5:1-4 – God belowe dat wetteloosheid uitgewis sal word

Die sesde visioen is van 'n vlieënde boekrol wat besonder groot is en die vervloeking van wetteloosheid – diefstal en oneerlikheid – wat tot dusver ongestraf gegaan het, voorstel, d.w.s. gevare wat die volk van binne af bedreig. Die Here keer dié situasie om deur hulle in eie munt terug te betaal en onreg en oneerlikheid op dié manier uit te wis. Hy bring die situasie in die land weer onder beheer en herstel die gemeenskap om in harmonie met mekaar te kan lewe.

5:5-11 – God belowe dat goddeloosheid verban sal word

Die sewende visioen is van 'n vlieënde graanmandjie met 'n vrou daarin wat die goddeloosheid en sonde van die hele wêreld voorstel. Dié graanmandjie word deur twee ander vroue na Sinar, die vorige naam van Babel (Gen 11), geneem. Goddeloosheid word

dus ironies genoeg na Babel verban (vgl. Openb. 18 waar Babel met goddeloosheid vereenselwig word), nie die mense nie! Dit dui op God se mag oor die sonde en sy hantering daarvan in die lewe van dié wat aan Hom behoort. Hy maak sy mense rein en bring hulle in die regte verhouding met Homself.

6:1-8 – Die Here bemoedig die leiers om voort te gaan met die herstelwerk

Die agste en laaste gesig is van vier strydwaens met verskillende kleure perde (bruin, swart, wit, skimmel). Vgl. Openb. 6 wat verwant is hieraan, maar 'n eie interpretasie gee: [Openbaring 6 – God se oordeel ontvou met ses seëls](#). Dié strydwaens trek vanaf God se plek (twee berge van koper wat 'n voorstelling is van die plek vanwaar die son opgekom het en op God se woonplek dui) in die vier windrigtings. Aan die een kant bevestig God daarmee sy beheer oor die wêreld, maar aan die ander kant ook sy belofte dat hy die goddelose Babel sal uitwis deur die werk van sy Gees.

Dit is 'n bemoediging vir die volk om met die herstelwerk aan die tempel voort te gaan. God sal vrede skep oor die hele aarde en vir almal. Dit is ook 'n bemoediging vir alle gelowiges van alle tye dat God uiteindelik die goddeloosheid tot 'n einde sal bring en sy koninkryk sal vestig vir ewig.

6:9-15 – Sagaria bemoedig die leiers om die werk voort te sit

Die Here gee die opdrag aan Sagaria om 'n kroon vir Jesua te maak van die geskenke uit Babel wat drie ballinge gebring het. Vgl. die beskrywing van die proses in [Esra 1 – God beweeg Kores en die volk om na Juda terug te keer](#) (vgl. ook Eks. 6 waar dieselfde gebeur het). Die drie ballinge se vrygewigheid word daarmee deur die Here op prys gestel: Geldai, Tobija en Jedaja. Josia word in een asem met hulle vereer, wat waarskynlik beteken dat hy ook bygedra het.

Jesua kry daarmee die gesag om vir Serubbael te bemoedig om die werk aan die tempel te voltooi. Hulle is die uitverkore span wat die werk van die Here moet begelei. Let op dat Serubbabel "Loot" genoem word, waarmee hy eintlik as 'n Messias beskryf word, soortgelyk as in die vierde visioen in hfst. 3, die een wat in hulle tyd uitkoms sal bring.

Dit moes ongelooflik inspirerend gewees het, al was die verantwoordelikheid daarvan ook baie groot. Die belofte was ook dat ander mense sal bykom om met dié werk te help, omdat die leiers en die werk waarmee hulle besig is, hulle daartoe sal inspireer. As hulle net gehoorsaam sal bly, natuurlik.

Boodskap

Dit is opmerklik hoe die laaste drie gesigte telkens 'n betekenis vir die tyd van Sagaria het, sowel as 'n betekenis vir latere geslagte. Aan die een kant belowe die Here dat wetteloosheid en goddeloosheid aangespreek sal word, en dat Hy Babel sal straf vir hulle

goddeloosheid. Dit gee moed vir die volk om die werk aan die tempel te voltooi en hulleself aan die Here en mekaar te verbind.

Die kroon van gesag wat aan Jesua gegee word – dit is waarskynlik waarom Jesua in die vierde visioen nie vanuit die staanspoor 'n tulband gekry het nie, hy sou 'n werklike kroon kry – sowel as die spanwerk wat die Here beveel tussen hom en Serubbabel tref 'n mens. Die Here gee nie net alles wat nodig is vir die werk wat Hy beveel nie, maar Hy gee ook mense wat die pad saam kan loop!

Aan die ander kant is dit duidelik dat die visioene se boodskap gemik is op 'n totale en finale uitwissing van wetteloosheid en goddeloosheid. Dit is immers die wêreld se sonde wat in daardie graanmandjie aangetref word en uiteindelik uitgewis word deur dit na Babel te verban en dan Babel uit te wis. Daarop kan ons as gelowiges hoop as ons die wetteloosheid en goddeloosheid wat so gedy in ons eie land en in die wêreld gade slaan.

Ons kan mekaar bemoedig dat God se koninkryk uiteindelik gevestig *sal* word. Ons kan met mekaar saamwerk om dié werk wat die Here vir ons het – dié tempel wat ook soos 'n berg voor ons lê, by wyse van spreke – te voltooi. Die Here *sal* ons die oorwinning laat behaal.

Sagaria 7:1-8:23 – Gehoorsaamheid aan God in die geloofsgemeenskap trek die nasies na Hom toe

Dit is die 7de Desember 518 v.C. volgens ons jaartelling, ongeveer twee jaar ná Sagaria die agt visioene van die Here af ontvang het. Die herbouing van die tempel is waarskynlik omtrent halfpad. Die mense van die heiligdom Bet-El raadpleeg die Here deur Sagaria om uit te vind of hulle nog moet rou en vas vanweë die ballingskap. In 'n uitgebreide antwoord wat baie aspekte van hulle verhouding met die Here dek, en waarin sy keuse van Jerusalem en die tempel op Sionsberg duidelik blyk, beveel die Here die hele land om hulle vasdae in feesdae te verander, solank hulle net die waarheid praat, liefde en barmhartigheid sal bewys aan mekaar en reg sal laat geskied sodat daar vrede onder hulle kan heers.

Die impak daarvan sal só groot wees dat dit die nasies nader sal trek aan die Here. Gehoorsaamheid aan God in die geloofsgemeenskap sal die nasies inspireer om God saam met die Godsvolk te aanbid. In die proses bemoedig die Here die volk ook om die werk aan die tempel te voltooi, iets wat twee jaar later uiteindelik gebeur het.

Die twee hoofstukke is weereens konsentries opgedeel soos dit die geval was met die agt visioene en fokus dus op die belofte en bemoediging van die Here dat Hy hulle sal help om die herbouing van die tempel klaar te maak (die indeling is gebaseer op Douglas Stuart se insigte):

- **7:1-3 – Die vraag: Moet ons nog rou en vas vanweë die ballingskap?**
 - **7:4-14 – Vasdae sonder gehoorsaamheid aan die Here beteken niks**

- **8:1-8 – Die Here belowe om Jerusalem te herstel as plek van sy trou en geregtigheid**
- **8:9-13 – Die Here praat hulle moed in om die werk aan die tempel te voltooi**
- **8:14-17 – Die Here belowe om goed te wees vir hulle as hulle gehoorsaam is**
 - **8:18-19 – Die antwoord: Vasdae sal feesdae word as hulle gehoorsaam bly**

Die vraag en antwoord boodskap word afgesluit met 'n toekomsvisie dat gehoorsaamheid aan God in die geloofsgemeenskap die nasies sal inspireer om God saam met die Godsvolk te aanbid (8:20-23).

7:1-3 – Die vraag: Moet ons nog rou en vas vanweë die ballingskap?

Die mense van Bet-El stuur 'n afvaardiging om by Sagaria te hoor of hulle nog in die vyfde maand – die maand toe Nebukadnesar se amptenaar Nebusaradan Jerusalem ingeneem het in 586 v.C. (sien [2 Konings 24-25 – Die Here wou dit nie vergewe nie](#)) – moet vas om die vernietiging van Jerusalem en die wegvoering na Babel te herdenk.

Bet-El was so 18 km noord van Jerusalem, in die suide van die voormalige noordryk, en 'n heiligdom wat positief met Jakob (Gen. 28) sowel as negatief met Jerobeam ([1 Konings 12 – Die magswellus van Rehabeam skeur die ryk ... deur die beskikking van die Here](#)) geassosieer is. Die versoek het dus meer om die lyf gehad as maar net om die vraag rondom die vas uit te sorteer. Implisiet vra hulle ook of Bet-El die guns van die Here wegdra.

Wat mooi is vir my van die antwoord van die Here, is dat Hy die vraag antwoord, uitvoerig, maar nie negatief oor die vraagstellers of hulle heiligdom reageer nie. Tog is Hy ook duidelik dat Jerusalem die plek is wat Hy uitgekies het en bemoedig daarmee die Jode wat besig was om die tempel te herbou.

7:4-14 – Vasdae sonder gehoorsaamheid aan die Here beteken niks

In die eerste deel van die antwoord van die Here fokus Hy op die feit dat vasdae sonder gehoorsaamheid aan die Here eintlik niks beteken nie. Hy wys in sy reaksie dat Hy weet dat hulle ook in die sewende maand vas – die maand wat die nuut aangestelde goewerneur Gedalja net ná die vernietiging van Jerusalem vermoor is (lees ook hierbo in 2 Kon. 24-25 asook in [Jeremia 40:7-41:18 – Juda word verder lamgelê in 'n leierskapstryd](#)). Dié vas, al is dit nou al meer as sewentig jaar dat hulle dit doen, geskied egter nie tot sy eer nie. Hulle doen dit eintlik maar net vir hulleself.

Die Here verwys daarom na die profete wat al van lank vóór die ballingskap al uitgespel het wat die Here van hulle vra. Hy vra van hulle: *“Laat reg geskied aan almal, bewys liefde en barmhartigheid aan mekaar;¹⁰ moenie die weduwee en die weeskind, die vreemdeling en die arme verdruk nie; moenie bose planne teen mekaar bedink nie.”* (Sag. 7:9-10).

Die ballingskap het juis gebeur omdat dié eise van die Here nie nagekom is nie. Die volk was moedswillig en het hulle doof gehou vir die wil van die Here. Geen vasdag sal dié situasie omkeer as dit nie met gehoorsaamheid gepaard gaan nie. Daarom het die pragtige land 'n verwoeste wêreld geword.

8:1-8 – Die Here belowe om Jerusalem te herstel as plek van sy trou en geregtigheid

Die Here se verkiesing van Jerusalem word egter téén sy aanklag van hulle ongehoorsaamheid gehandhaaf: *“Ek is hartstogtelik begaan oor Sion, Ek het woedend geword vir sy vyande, so begaan is Ek oor hom.”* Die Here se liefde vir sy mense triomfeer altyd in sy oordeel. Trouens, sy oordeel geskied vanuit sy liefde om die situasie van ongehoorsaamheid te herstel.

Daarom verander die Here die lot van Jerusalem en herskep nie net die tempel op die berg van die Here nie, maar herskep ook weer 'n veilige voorspoedige gemeenskapslewe. Al lyk dit vir die mense van die tyd onmoontlik, is niks vir die Here onmoontlik nie. God sal vir die teruggekeerdes 'n God wees en hulle vir Hom 'n volk, presies wat die verbondsluiting lank gelede bedoel het. Hy sal sy trou en geregtigheid aan hulle bewys, uiteraard as aanmoediging dat hulle self in trou en geregtigheid sal wandel, soos die vorige deel uitgespel het.

8:9-13 – Die Here praat hulle moed in om die werk aan die tempel te voltooi

Daarom dring die Here by die Jode aan om moed te skep en die werk aan die tempel te voltooi, al lê dit soos 'n berg voor hulle. Die Here se gesindheid het teenoor hulle verander. Daar sal nou voorspoed wees. Hulle hoef nie bang te wees nie. Hulle kan moed skep uit die Here se beloftes.

8:14-17 – Die Here belowe om goed te wees vir hulle as hulle gehoorsaam is

Die Here herhaal wat Hy van hulle verwag, soos in 7:4-14 al uitgespel is. God se bedoeling is nou anders as toe Hy die straf oor Juda gebring het. Hy belowe om goed te wees vir hulle as hulle net gehoorsaam aan Hom sal bly. Dit sluit in hoe hulle teenoor mekaar optree: *“¹⁶Wat julle moet doen, is dit: Praat die waarheid met mekaar, laat die waarheid en die reg geld in julle regspraak sodat daar vrede onder julle kan wees. ¹⁷Moenie bose planne teen mekaar bedink nie, moenie vals ede bly aflê nie. Ek haat sulke dinge, sê die Here.”*

8:18-19 – Die antwoord: Vasdae sal feesdae word as hulle gehoorsaam bly

Die antwoord aan die mense van Bet-El word afgerond deur die aankondiging dat vasdae nou feesdae sal word as hulle maar net gehoorsaam sal bly. Maak nie saak watter gebeure hulle uit die verlede gedenk nie, dit sal dae van vreugde en vrolikheid word, omdat dit in die teenwoordigheid van die Here gevier sal word. Maar dit sluit gehoorsaamheid in, nie uit nie.

8:20-23 – Die nasies sal saam met die Godsvolk die Here in Jerusalem aanbid

In 'n ongelooflike toekomsvisie – in aansluiting by Jesaja 2 ([Geroep as ontmoetingsplek vir die nasies met God](#)) en Miga 4 ([Die Here bring verlossing vir die hele wêreld onder sy heerskappy](#)) – skets die Here die moontlikhede wat oopgaan as die Godsvolk regtig gehoorsaam word aan Hom. Die nasies sal met geloof reageer as die Godsvolk hulle net eendragtig en met oorgawe sal toelê op 'n gehoorsame geloofsverhouding met God en mekaar: *“Daardie tyd sal uit al die nasies tien man een Judeër aan die klere gryp en sê: “Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor God is by julle.”* (Sag. 8:23). Gehoorsaamheid in die Godsvolk trek die nasies na God toe.

Boodskap

Dit tref my hoe die Here die Godsvolk aan die een kant aanmoedig met sy beloftes as bemoediging om die werk wat Hy hulle gegee het, te voltooi. In hulle geval die tempel. Aan die ander kant is Hy helder in die tipe verhouding wat Hy met hulle wil hê en hoe Hy wil hê hulle met mekaar moet saamlewe.

Sagaria gebruik woorde om dié verhouding met God en mekaar te beskryf wat herinner aan Hosea 12:7 (*troue liefde, geregtigheid en wag op God*), Miga 6:8 (*reg laat geskied, liefde en trou bewys, bedagsaam lewe voor God*) en Sefanja 2:3 (*vra na en doen die wil van die Here, streef na geregtigheid en nederigheid*). Dit begin dus 'n refrein word in die Twaalf Kleiner Profete.

Die Here vra van hulle, sê Sagaria: *“Laat reg geskied aan almal, bewys liefde en barmhartigheid aan mekaar; ¹⁰moenie die weduwee en die weeskind, die vreemdeling en die arme verdruk nie; moenie bose planne teen mekaar bedink nie.”* (Sag. 7:9-10).

Dié boodskap geld vir alle tye. Die toppunt van die boodskap is die toekomsvisie dat die nasies sal reageer as die Godsvolk hulle sal toelê op dié tipe geloofsverhouding met God en mekaar: *“Daardie tyd sal uit al die nasies tien man een Judeër aan die klere gryp en sê: “Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor God is by julle.”* (Sag. 8:23). Inderdaad. Dit is ook 'n belofte en bemoediging vir ons eie gehoorsaamheid aan God in ons hele geloofslewe.

Gehoorsaamheid in die Godsvolk trek die nasies na God toe.

Sagaria 9:1-11:17 – Die Messiaanse Koning verenig God se mense met Hom

Die tweede deel van Sagaria, hoofstuk 9-14, is nie gedateer nie, en volg waarskynlik 'n geruime tyd na die visioene van 519 v.C. Dit lyk asof dit moontlik in 'n tyd gelewer is toe die voortdurende ongehoorsaamheid in die geloofsgemeenskap en die gebrekkige voorbeeld van die priesterlike en politieke leiers, die profeet oortuig het dat die verwagte volkome verlossing eers verder in die toekoms tot vervulling sal kan kom.

Hierdie tweede deel van Sagaria bevat twee afdelings, telkens ingelei met die woorde: *“'n Profesie”* (9:1; 12:1). Soos vroeër gesê:

- Die eerste afdeling – **hoofstuk 9-11** – het te make met God se oordeel oor die nasies, die terugkeer van die volk uit hulle verstrooiing, God se keuse vir ‘n Messiaanse koningsfiguur as herder wat egter verwerp word, en daarom welwillendheid (vriendelikheid) en samehorigheid (vereniging), uitgebeeld met twee kieres, in die gedrang bring in die wêreld.
- Die tweede afdeling – **hoofstuk 12-14** – raak ook al dié temas aan, maar sien dit nog meer eskatologies, as iets wat aan die einde van alles – op “*daardie dag*” (12:3,4,6,8,9,11; 13:1,2,4; 14:1,4,6,7,9,13,20,21) – in vervulling sal gaan.

Die hoop lê dus vir Sagaria toenemend op hierdie toekomstige koninklike figuur uit die geslag van Dawid, hoewel dit ook sy verwerping insluit. Die Here sal egter steeds sorg dat Jerusalem uiteindelik die plek sal word waar die volk aan God gehoorsaam sal wees, en nasies daarheen sal stroom om die Here saam met die volk te aanbid.

Uit die NT weet ons dat die belofte van dié koninklike figuur in die Messias, Jesus die Christus, vervul is, soos Matteus 21:5 en Johannes 12:15 dit vir ons aantoon. Die profesie van Sagaria 9:9 is dus in Hom vervul: “*Kyk, jou koning kom na jou toe: hy is regverdig en die oorwinnaar; hy is nederig en ry op ‘n donkie, op die hingsvul van ‘n donkiemerrie.*” Die feit dat Hy ‘n Lydende Messias sou wees, word ook op verskuilde manier in die profesieë aangeraak saam met die feit dat daar ‘n uiteindelijke eskatologiese vervulling sal wees waarin God sy koninkryk vir alles nasies in werking sal stel.

Hierdie eerste afdeling se drie hoofstukke, hoofstuk 9-11, is dus opgebou rondom die tema van die Messiaanse Koning wat God se mense met Hom sal verenig. Dit sluit ook die nasies in. God sien immers alle mense raak, nie net al die stamme van Israel nie. Saam met sy straf vir die sonde kom egter ook altyd sy sorg en vrede wat voorspoed en genesing bring.

Die eerste afdeling word as volg opgebou:

- **9:1-8 – Die Here sien alle mense raak en straf en sorg vir hulle net soos vir sy volk**
- **9:9-17 – Die Here kom as Koning om vrede vir sy volk en vir die nasies te bewerk**
- **10:1-11:3 – Die Here sal sy volk Juda en Josef weer verenig en laat terug kom**
- **11:4-17 – Die Here wys ‘n herder aan wat verwerp word en welwillendheid en samehorigheid in gedrang bring**

9:1-8 – Die Here sien alle mense raak en straf en sorg vir hulle net soos vir sy volk

Die frase: “*Die Here sien alle mense*” (NAV, OAV, RSV) , word ook direk omgekeerd vertaal: “*Alle mense sien die Here*” (Net Bible, The Message, NIV, KJV). Ek kies vir eersgenoemde vertaling, maar die betekenis kom ooreen. Daar is ‘n verhouding tussen God en alle mense.

Binne die verhouding straf en sorg Hy vir hulle net soos vir sy volk. In dié gedeelte oorheers die oordeel van die Here oor *Sirië* (Garak, Damaskus, Hamat), *Fenisië* (Tirus, Sidon) en *Filisteë* (Askelon, Gasa, Ekron, Asdod). Hulle wysheid het hulle verlei om die Here te ignoreer. Hulle rykdom het hulle hooghartig gemaak, maar dit sal die oordeel van die Here nie kan keer nie. Hulle trots sal gebreek word, omdat hulle afgode en nie die lewende God aanbid nie.

Tog is daar 'n stukkie genade deurdat die oorblyfsel aan God sal behoort en deel sal raak van sy mense. Só sal hulle ingesluit word in die sorg wat Hy vir sy volk belowe: *“Ek sorg nou self vir hulle.”*

9:9-17 – Die Here kom as Koning om vrede vir sy volk en vir die nasies te bewerk

Sagaria trek die sluier weg oor 'n toekomstige koninklike figuur uit die geslag van Dawid, waardeur die Here sal sorg dat Jerusalem uiteindelik die plek sal word waar die volk aan God gehoorsaam sal wees, en nasies daarheen sal stroom om die Here saam met die volk te aanbid. Daarvoor kan die volk nou al juig en jubel.

Sagaria belowe: *“Kyk, jou koning kom na jou toe: hy is regverdig en die oorwinnaar; hy is nederig en ry op 'n donkie, op die hingsvul van 'n donkiemerrie.”* Hy sal die stryd tussen die verskillende dele van die Godsvolk tot 'n einde bring, sowel as 'n vredesryk stig wat tot in die uithoeke van die aarde vrede sal bring.

God se verbond met Hom is dat al die verstrooide gevangenes van die Godsvolk terug sal keer. Hy sal self hulle beskerm en hulle in God se land – let op dat dit sy land is – laat woon: *“Hulle sal in sy land vonkel soos die edelstene in 'n kroon.”*

Uit die NT weet ons dat die belofte van dié koninklike figuur in die Messias, Jesus die Christus, vervul is, soos Matteus 21:5 en Johannes 12:15 dit vir ons aantoon. Die profesie van Sagaria 9:9 is dus in Hom vervul. Die feit dat Hy 'n Lydende Messias sou wees, word egter hierna op verskuilde manier in die profesieë aangeraak saam met die feit dat daar 'n uiteindelijke eskatologiese vervulling sal wees waarin God sy koninkryk vir alle nasies in werking sal stel.

10:1-11:3 – Die Here sal sy volk Juda en Josef weer verenig en laat terug kom

Sagaria raai die volk aan om afhanklik van God te lewe (vra vir reën op sy tyd) en deur die bedrog en leuens van afgodsbeelde en waarsêers te sien. Hulle drome beteken niks en dié dinge waarmee hulle probeer troos, bestaan nie.

Die Here is bewus van die feit dat dié verwarring en afvalligheid grootliks aan die leiers toegeskryf kan word, en kondig dus sy oordeel oor hulle aan. Hy sal self instaan om die regte mense aan te stel en die volk Juda (suidryk) en Josef (noordryk) te verenig. Hulle sal terugkom uit die verstrooiing, hier simbolies beskryf as uit Egipte en Assirië, as't ware weer deur 'n Nuwe Eksodus waarin hulle bv. deur die see sal trek.

Die Here belowe om by sy volk te wees en hulle sterk en weerbaar te maak. Dit sal pyn inhou vir dié wat Hom en die volk teengestaan het, hier voorgestel deur Libanon en Basan.

11:4-17 – Die Here wys ‘n herder aan wat verwerp word en welwillendheid en samehorigheid in gedrang bring

In hierdie laaste gedeelte word Sagaria aangesê om op simboliese wyse ‘n herder vir die volk te word met twee keries: welwillendheid (vriendelikheid) en samehorigheid (vereniging). Dit is egter ‘n baie moeilike deel as ‘n mens elke detail probeer interpreteer.

Die oorhoofste punt van die gedeelte is wel duidelik, dat Sagaria, simbolies die goeie herder, uiteindelik verwerp sal word, al bedoel hy net goed. Daarom word die keries van welwillendheid en samehorigheid gebreek en ‘n slegte herder aangestel: *“wat niks sal omgee vir dié wat wegraak nie, nie die lammers soek nie, nie dié wat seergekry het, sal dokter nie en die gesondes nie kos gee nie, maar wat die vleis van die vetstes eet en die ander se kloue afruk.”* ‘n Tragiese en ontstellende prentjie.

Die betekenis van die gedeelte is daarom duidelik. Die Here sal ‘n goeie herder stuur hierna, wat verwerp sal word. Daarmee kom welwillendheid en samehorigheid onder die nasies ook in gedrang, omdat die wêreld dan in die slegte herders se hande sal wees.

‘n Mens dink onmiddellik aan die NT se Goeie Herder, die Here Jesus Christus (Joh. 10), wat duidelik Homself as die vervulling van die goeie herder van Sagaria gesien het. ‘n Mens dink ook aan die gelykenisse wat die Here Jesus vertel het wat as voorbeeld nie net van sy eie sorg vir sy mense voorgehou is nie, maar vir hoe ons as gelowiges teenoor ander moet optree (Matt. 18).

Dit is ook duidelik dat die verraad van Judas in dié verwerping teruggelees kan word, veral in die ooreenkoms met die dertig silwer stukke en die weggooi daarvan in die huis van die Here (Matt. 27), hoewel die detail nie so maklik pas nie, bv. die rede vir die weggooi wat verskil. In Sagaria is dit weens minagting vir die klein bedrag, en in Matteus weens die minagting vir homself: *“Ek het gesondig. Ek het ‘n onskuldige man verraai.”*

Tog, hoor ons ook hier dat die Here dié slegte herders op die lange duur nie sal duld nie: *“Ellende wag vir die herder wat alles verkeerd doen en die skape in die steek laat!”* ‘n Waarskuwing wat vir ons troos bring in die wêreld, maar ook uitdaag om self as goeie herders te lewe in ons eie konteks.

Boodskap

Die eerste tema wat my tref, is God se deernis met mense. Hy sien almal raak, maak nie saak waar hulle is of wie hulle is nie. Selfs in sy oordeel bewerk Hy uitkomst, selfs vir die nasies. Hy verwag egter dat mense afhanklik van Hom sal lewe, en nie afgode en waarsêers sal raadpleeg nie. Hulle drome beteken niks en dié dinge waarmee hulle probeer troos, bestaan nie.

Die tweede tema wat my tref, is die vervulling van aspekte van hierdie gedeelte in die NT in die lewe en bediening van Jesus. 'n Mens hoor hier op verskuilde manier van die verwerping van die Goeie Herder, wat sy status as die Lydende Messias beklemtoon. Ook die ooreenkomste met die verraad van Judas in die NT val 'n mens op.

Die derde tema wat my tref, is dat 'n mens hier ook die verklaring sien waarom welwillendheid en samehorigheid só in gedrang is in die wêreld. Dit het te make met leiers wat slegte herders is, herders wat die Herder verwerp, en hulle volgelinge verarm en verwoes. Tog, hoor ons ook hier dat die Here dié slegte herders op die lange duur nie sal duld nie: *“Ellende wag vir die herder wat alles verkeerd doen en die skape in die steek laat!”* 'n Waarskuwing wat vir ons troos bring in die wêreld, maar ook uitdaag om self as goeie herders te lewe in ons eie konteks.

Sagaria 12:1-14:21 – Die Messiaanse Koning vestig God se finale koninkryk

Die tweede deel van Sagaria word afgesluit met 'n laaste profesie wat die boodskap herhaal dat God sy finale koninkryk vestig deur die Lydende Messiaanse Koning – hfst. 12-14. 'n Mens is nie altyd seker hoe die onderskeie dele by mekaar pas nie, en die argumentasie binne die perikope is soms moeilik om te volg, maar die breë boodskap is duidelik. God sal sy koninkryk op aarde vestig op só 'n wyse dat sy teenwoordigheid die sentrum van alles raak, ook die sentrum van die nasies. Die Lydende Messias speel daarin 'n beslissende rol.

Hoewel 'n mens die drie hoofstukke ook fyner kan indeel, lees ons dit aan die hand van die volgende vyf perikope:

- **12:1-9 – God bevry Juda en Jerusalem deur die nasies uit te roei wat hulle aanval**
- **12:9-14 – God bring 'n gees van welwillendheid en berou deur die impak van 'n martelaar**
- **13:1-6 – God reinig Jerusalem van hulle sonde en vuilheid**
- **13:7-9 – God suiwer die oorblyfsel deur die impak van die dood van die herder**
- **14:1-21 – Die dag van die Here kom en maak van Jerusalem die sentrum van God se teenwoordigheid**

12:1-9 – God bevry Juda en Jerusalem deur die nasies uit te roei wat hulle aanval

Die opskrif van dié gedeelte kan verkeerd verstaan word. Die Profesie word nie *“teen”* Israel gelewer nie soos dit in die NAV vertaal is nie, maar *“oor”* Israel soos in die voorgestelde BDV vertaling, sowel as in die OAV en al die Engelse vertalings.

Die Here fundeer sy optrede in dié gedeelte in sy reg as Skepper van alles – beide die stoflike van die hemel en aarde as die gees van die mens. Hy voer sy besluit uit om Juda en Jerusalem te beskerm van die nasies wat hulle sal aanval in die toekomstige dag van die

Here. Met treffende metafore word die stryd beskryf – Juda is ‘n bak wyn wat die nasies dronk maak, ‘n rots wat jou rug breek as jy dit probeer optel, ‘n bak vuur onder die hout, ‘n vlam onder die koringare.

Israel sal in die proses besef dat hulle krag in God self lê, en die nasies dat God in staat is om sy volk te beskerm. Selfs die swakste Israeliet sal soos ‘n held uit die verlede optree. Daar sal geen onderskeid wees tussen plattelanders en stedelinge nie. Trouens, hulle sal soos hemelwesens word. Almal wat Jerusalem aanval, sal uitgeroei word.

12:9-14 – God bring ‘n gees van welwillendheid en berou deur die impak van ‘n martelaar

Soos die vyand van buite af die hoof gebied word in die proses, só sal die Here na binne ‘n gees van welwillendheid en berou bring om hulle van binne af te reinig. Die innerlike genesing word verbind aan die impak wat ‘n martelaar op hulle sal hê. Dit is onseker na watter martelaar dit verwys, maar een interpretasie hiervan wat vir my sin maak, is dat die martelaar op God self dui. Hulle het Hom as’t ware metafories doodgemaak of afgeskryf, maar juis Hy verander nou die situasie en bring hulle terug na Hom toe. Dit maak nog meer sin in die lig van die NT wat dié teks aanhaal en as ‘n verwysing na die Here Jesus Christus beskou, soos Joh. 19:37 dit vir ons verklaar aan die hand van die gebeure by die kruis. Deur die kruis bring Jesus lewe selfs vir dié wat Hom deurboor het.

Die treurliedere wat eenmaal met Josia se dood in die Megiddovlakte aangehef is (moontlik op ‘n plek wat met die naam Hadad-Rimmon [afgelei van die name van twee Kanaänitiese gode] beskryf word), word waarskynlik hier as vergelyking gebruik om die treurliedere oor die martelaar en sy impak op hulle te beskryf ([2 Kronieke 35 – Josia hou die grootste Paasfees, maar sneuwel in oorlog weens sy koppigheid](#)). Die hele land in al sy stamme – die koninklike en priesterlike families word by name genoem, maar dit sluit almal in – sal deur dié martelaar geraak word.

‘n Mens dink onmiddellik aan die Pinkstergebeure en die Jode wat aan die hart gegryp is deur Petrus se boodskap dat die skuld vir Jesus se dood vierkantig voor hulle deur lê. Hy verkondig egter ook die genade van die Here wat juis deur dié tragedie van die kruis verlossing vir hulle bewerk het. Hulle is diep daardeur getref en vra: *“Wat moet ons doen?”* Op Petrus se uitnodiging om dié Gekruisigde as hulle Here en Heiland te aanvaar, kom drieduisend van hulle tot bekering, saamgestel uit ‘n deursnit van die Joodse bevolking vanoor die hele wêreld wat daar vir die Pinksterfees (OT – fees van die weke of oesfees) bymekaar was (Hand. 2).

13:1-6 – God reinig Jerusalem van hulle sonde en vuilheid

Dié gebeure sluit ‘n fontein oop vir die volk wat hulle van sonde en vuilheid sal reinig. Die impak daarvan sal só groot wees dat die gees van onreinheid uit die land verwyder sal word en enigiemand wat probeer om leuenagtig te profeteer sal deur sy eie mense verwerp word.

‘n Mens dink weereens aan die Here Jesus wat vir die Samaritaanse vrou water aanbied wat soos ‘n fontein sal word wat opborrel en aan haar die ewige lewe gee (Joh. 4). Hy herhaal dié aanbod op die huttefees: *“Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.”* (Joh. 7:38 – Jesus verwys waarskynlik na Jes.58:11). Jesus verbind dit met die werk van die Heilige Gees. Johannes verwys ook in sy Openbaring na die Lam wat as herder sy mense na die fonteine met die water van die lewe lei en die Here wat die tranes van hulle oë sal afdroog (Openb. 7:17).

13:7-9 – God suiwer die oorblyfsel deur die impak van die dood van die herder

Hierdie deel van die profesie gryp weer terug op die idee van die martelaar wat verlossing bring vir sy mense. Hy word hier ‘n herder genoem wat deur God aangestel is om nie net naby aan Hom te lewe nie, maar aan die dood oorgelewer te word, ter wille van ‘n suiweringproses van die volk, die skape. God gebruik dié oordeel om hulle te suiwer sodat hulle Hom sal aanroep en Hy weer hulle gebede kan verhoor. Só word die verbond tussen God en sy volk herstel.

Jesus maak dié gedeelte direk op Homself van toepassing wanneer Hy sy dood tegemoetgaan in die tuin van Getsemane. Hy verklaar aan die dissipels dat Hy, die herder, doodgemaak sal word, en dat hulle, die skape, uitmekaar gedryf sal word (Mark. 14:27). Hulle sal dus almal van Hom afvallig word, maar verseker Hy hulle, Hy sal wel weer opstaan uit die dood, en hulle sal Hom in Galilea weer sien.

14:1-21 – Die dag van die Here kom en maak van Jerusalem die sentrum van God se teenwoordigheid

Die finale deel van Sagaria se boodskap fokus op die koninkryk van God wat in Jerusalem gevestig sal word sodat sy teenwoordigheid die hele aarde kan transformeer. Dit word in die konteks van ‘n eskatologiese oorlog van die nasies teen Jerusalem geplaas, waarin dit aanvanklik lyk asof die nasies die oorhand kry. Die Here self sal egter beskerming bring vir sy mense en die oorwinning namens die volk oor die nasies behaal.

Hy sal op die Olyfberg – die plek waar Jesus die aande van die Heilige Week deurgebring het en die worsteling in Getsemane gehad het – uitkoms gee vir die mense van die stad, om die vyand te kan trotseer. Onthou dit is metaforiese taal wat nie in elke detail met iets konkreets verbind kan word nie. ‘n Mens wonder wel in watter mate dié beskerming wat die Here Jesus aan sy mense op die Olyfberg gebied het – Hy het namens hulle daar doodsmarte gely en op Golgota daarnaby die vyand aan die kruis oorwin – nie met dié gedeelte verbind kan word nie. Terloops: die plek Asal is onbekend.

Die res van die beskrywing fokus egter op die eindtyd met God wat met sy hemelwesens sal opdaag. Op dié besondere dag – waarvan niemand weet presies wanneer dit sal wees nie (onthou Jesus self gesê het dat Hy nie weet wanneer die Wederkoms sal wees nie) – sal alles

verander. God sal die lig wees en die bron van alles wat lewe gee, 'n soortgelyke prentjie as wat Openbaring teken.

Een besondere kenmerk van dié tyd sal wees die totale reiniging wat God sal bewerk. Die beeld van die fontein word uitgebrei en as 'n vars rivier geteken wat die hele wêreld sal reinig – voorgestel deur ontsouting van die see in die weste en die Dooie See in die ooste – en onder God se heerskappy sal bring. Ten spyte van verdere grusame skermutselings sal die Here sy mag en gesag handhaaf. Jerusalem sal uittroon bó alles en almal, presies die tipe prentjie wat met die nuwe Jerusalem in Openbaring geteken word. Alle nasies sal God moet aanbid in Jerusalem, omdat hulle volledig afhanklik van Hom sal lewe. Hemel het op aarde aangebreek. Sela.

Boodskap

Met die nader kom van die Heilige Week van hierdie jaar se Lydenstyd, het dié gedeelte in Sagaria natuurlik vir ons besondere diep betekenis. Die metafoor van die martelaar en die dood van die herder laat ons die betekenis van die Here Jesus Christus op 'n nuwe manier waardeer.

Wat my besonderlik tref, is aan die een kant die wyse waarop dié dinge deur groot stryd en ontwrigting tot stand gebring word. Daar is nie kortpaaie na die vestiging van God se koninkryk nie. Aan die ander kant tref dit my hoe volledig God sy koninkryk in alles en vir almal wil bring. Hy wil alles reinig, voorgestel met die ontsouting van die Mediterreense- en die Dooie See. Hy wil die sonde uitwis, sodat almal Hom sal aanbid en in afhanklikheid van Hom sal lewe.

Waar Sagaria egter oor dié dinge geskryf het lank vóór enigiets hiervan 'n werklikheid begin word het, weet ons presies wat in die Heilige Week en die Paasnaweek gebeur het. Die Here Jesus hét vir die sonde op Golgota betaal en daardie boodskap het nie net ons lewe verander nie, maar ons na die wêreld gestuur met die goeie nuus. Elkeen wat in Jesus glo, kan dié lewe ontvang, gratis en verniet.

Mag jou lewe weer opnuut vlam vat met dié boodskap, en mag ons die boodskap van die evangelie regoor die wêreld verkondig totdat die Here Jesus inderdaad weer kom. Sela.